

Tema: Jubeljaar! Net in die ore of ook in die hart?

Woordbediening: Levitikus 25:1-18 en Lukas 4:16-21

Die “genadejaar” wat **Jesus** in Nasaret aangekondig het (Luk 4:19) duur steeds voort. Dit is “die aangename jaar” (’53-vertaling) van die Here, want dit behaag Hom om mense te verlos uit die mag van die Sonde/Satan.

Die agtergrond waarteen **Jesaja** (Jes 61:1-2) en Jesus (Luk 4:18-19) hierdie beeld gebruik slaan terug op die Levitiese voorskrifte van Lev 25. Hiervolgens was elke 50ste jaar ‘n vrystellingsjaar.

‘n **Vrystellingsjaar** moes vreugde bring, want slawe kon teruggaan na hulle familie, eienaars kon teruggaan na hulle grond, alle skuld moes afgeskryf word. Dit was ‘n jaar van Sabbatsrus, gewy aan die Here.

Die versekering wat Jesus aan sy hoorders gee: “Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.” is eintlik ironies, want dit beteken nog nie dat dit in hulle harte vervul is nie. Hulle verdere optrede bewys dit ook (vgl. Luk 4:25-30).

Dit was dieselfde met **Jesaja**. Sy hoorders het wel die Levitiese voorskrifte geken, maar nie ter harte geneem nie. Ons lees van ‘n halfhartige poging om dit uit te voer in Jeremia 34:8-22. Verder word die ballingskap van 70 jaar verklaar as ‘n straf vir die nie-nakoming van die gewone Sabbatsjaar elke 7e jaar (vgl. 2 Kron. 36:21).

Die Heilige Gees leer ons hiermee om die Evangelie so te verkondig dat dit nie net by mense se ore ingaan nie, maar in hulle harte geglo word. Net so leer die Heilige Gees ons ook **om so daarna te luister, dat ons dit met die hart sal glo.**

Dan is die evangelie van genade en verlossing en vergifnis van sondes nie net vir ons ‘n klomp mooi beginsels op papier nie, maar ‘n lewe vol vreugde, ‘n “vrystellingsjaar” wat ons self beleef en ook vir ander aanmoedig om te beleef.

Vrae vir bepeinsing

1. Moet ek **alles** wat my ore hoor met my hart glo?
2. Wat **wil** my hart graag hoor?
3. **Wat verhinder my hart om te hoor en te glo?**
4. **Beskryf** in ‘n paar woorde die vryheid wat Jesus vir jou aankondig.
5. **Watter gelykenis** wat Jesus vertel het maak die vir jou die beste duidelik?
6. Is jy seker dat jy daardie vryheid **beleef**?
7. Wat **verhinder** jou om dit te beleef?
8. By wie almal kan jy gaan **hulp vra** as jy nie seker is nie?